# Lesing 01.06.2018 - DEEL 18 - Die belofte van alle Verbonde - DIE GEES

### Die vredesverbond van Numeri 25 met die geestelike Pinias nageslag

Hierdie Vredesverbond, met Pínehas en sy nageslag is ewig en sal nie wankel nie, nie eers as die Messias kom nie, inteendeel, JaHwèshua het dit bevestig, soos hierbo getoon in **Johannes 14:27**.

***Jesaja 54:11**: Jy, Ellendige, deur storm gejaagde, Ongetrooste! Kyk, Ek lê Jou stene in sierklei, en Ek grondves Jou in saffiere;*

*12 en Jou borswerings maak Ek van robyne en Jou Poorte van karbonkels en Jou hele ringmuur van edelgesteentes.*

Hierdie priesters word stene in die muur van die Nuwe Jerusalem. Ons sal later sien dat selfs hulle getal genoem word in **Openbaring 7**.

*13 En al Jou kinders sal studente van JaHWeH wees, en **<u>die Vrede van Jou kinders sal groot wees</u>**.*

Weereens `n verwysing na die grootsheid van hierdie ewige Vredesverbond wat sal voortbestaan in Pínehas se nageslagte.

*14 **<u>Deur Geregtigheid sal Jy bevestig word</u>**; wees ver van verdrukking, want Jy hoef nie bevrees te wees nie; en ver van verskrikking, want sy sal nie by Jou kom nie.*

Die Melgisédek Priesterskap is `n Priesterskap van Geregtigheid, want Melgisédek beteken Melek=koning en tsedek=geregtigheid, dus Konings van Geregtigheid.

*15 As hulle ook die aanval begin - dit is nie uit My nie; wie Jou aanval, sal oor Jou val.*

*16 Kyk, Ék het die Smid geskape wat die koolvuur aanblaas en 'n wapen voortbring volgens sy ambag; ook het Ek die Verderwer geskape om te verniel. [Boekrol van Henog 23]*

*17 Elke wapen wat teen Jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen Jou opstaan in die Reg, sal Jy weerlê. **<u>Jy is die Erfdeel van die knegte van JaHWeH en hulle Geregtigheid wat uit My is, spreek JaHWeH.</u>***

Die priesters van hierdie orde ontvang die erfdeel van JaHWeH, omdat hulle die Geregtigheid vanuit JaHWeH in hulle binneste dra.

Die volgende bevestiging van ons Meester, JaHWèshua as hoof van hierdie Melgisédek Vredesorde vind ons in die profesie in **Jesaja 9:2, 6, en 7:**

*2 Die volk wat in die Duisternis wandel, **<u>het die groot Lig gesien;</u>** die wat woon in die Aarde van Doodskaduwee, oor hulle **<u>het die Lig geskyn</u>**. [2 Nikodémus 2:1]*

*6 Want **<u>’n Kind</u>** is vir ons gebore, ’n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Magtige El, Ewige Vader, **<u>Vredevors -</u>** [Psalm 122:7; JeshaJaH 63:16]*

*7 tot vermeerdering van die Meesterskappy en tot **<u>Vrede sonder einde,</u>** op die Troon van Dawid en oor Sy koninkryk, om haar te bevestig en haar te versterk deur **<u>Reg en deur Geregtigheid</u>**, van nou af tot in ewigheid. Die Ywer van JaHWeH van die skeppings-leërmagte sal dit doen.*

Hier word die komende kind se geboorte voorspel en dat Hy `n Vors van Salem/Vrede sal wees en tsedek/ Geregtigheid sal beoefen op die melek/troon, dus `n voorspelling van die komende Melgisédek vredesryk wat opgerig sal word, eers aan die einde, wanneer die laaste kindjie van **Openbaring 12**, die volksgedeelte van hierdie orde gebore sal word. Hierdie koningskinders, verenig met en in ons Verlosser, sal dan die volledige Melgisédek-orde vorm.